

Kammaland -j

Vandag gaan ons weer Kammaland toe. Vat mamma se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit!

“Hallo maatjie,” groet Willie padda.” Jy ken nou al so baie klankies, kom ons kyk of jy hulle almal goed ken. Watter klankie is Basie boer sin, sy huis, sy donkie en Inniesek sin? Vandag gaan ons hasiemaatjies in groot gevaar verkeer. Kom ons hoor wat met hulle gebeur!”

“O, ons gaan vandag weer lekker resies hardloop maat. Jy hou mos daarvan!”

“Aag nee, alweer! Ek hou nie van resies hardloop nie, Manie! Hardloop jy maar alleen.”

“Nettie dit gaan mos nou nie werk nie! Ek kan nie teen myself hardloop nie.”

“Nou ja, kom ons stap liewer!”

“Nou maar goed. Maat, stap asseblief saam! Stap soos ‘n hasiesoldaat! Links, regs, links, regs.”

“Haai stop! Ek sien iets met ‘n wolstert daar naby die boom. Sien jy dit ook? Ek dink dit is iets wat ons hasies kan seermaak!”

“JJJyyy bedoel dit kan ons dalk vang? Maat watter dier dink jy is dit? Dis ‘n jkkals!”

“Manie, nou moet ons regtig vining weg hardloop en gaan wegkruip.”

“Julle twee kan nou maar weer uitkom hoor,” roep Willie. “Dit is maar net ou Jassie jkkals met sy baie mooi wolstert! Manie en Nettie, kan julle hoor met watter klankie sy naam begin? Jassie jkkals.”

“Dit begin met ‘n j! My asem jaag nog van die hardloop, Willie. Haai maat, die j-klankie hang so na onder en lyk net soos die ou Jassie jkkals se stert. Kyk gou of jy dit kan skryf! Manie, wat het van jou geword?”

“My ou stertjie hang ook nou Nettie. Sjoie, dit was amper of hy het ons gesien. Nettie, ons het sowaar resies gehardloop en ek het natuurlik gewen! Totsiens maat, ons sien jou sommer gou weer hoor!”

Vat weer mamma se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.



